31 Julie 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade
1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie welkom by vanoggend se Erediens.

Indien jy vanoggend 'n nuwe intrekker, lidmaat of besoeker by Hoogland is, kom ontmoet gerus ds Pieter by die preekstoel direk na die diens.

Mag Hoogland u geestelike tuiste word.



Sondag, 9 Oktober 2022 om 09:00

NG Kerk PE Hoogland se GROOT Feesdiens ter viering van haar 50ste Jubeljaar!
Moenie hierdie spesiale Feesdiens & Tee-kuier-geleentheid na afloop van die diens misloop nie!

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter
10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte : Bilblia Hawesending
(Dankoffers word van vandag af weer ín die banke én spesiale kollektes by die deure opgeneem)

Program vir die week

Maandag: 1 Augustus
19:00 Kerkraadsvergadering

Dinsdag: 2 Augustus
14:00 Vroue Bybelstudie

Woensdag: 3 Augustus
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 4 Augustus

Vrydag: 5 Augustus
05:30 Mannebediening in die GROT

Hoogland Aanlyn

079 815 9325 | facebook.com/pehoogland | #hooglandpe | PE Hoogland

Hoogland Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Reisbekers teen R60.

Belê gerus in jou eie Hoogland reisbeker vir hierdie koue wintersoggende.

Daar is ook nog Hoogland Feeskoffie beskikbaar. Albei is na die Erediens in die Voorhuis te koop, of in die week by die Kerkkantoor.

Hoogland Jubeljaar: #41

MY GEBED VIR JOU IS ....

Hoogland bid hierdie week vir ...

- mekaar
- Hoogland & haar gemeenteleiers
- reën en nog reën en nog reën verál in die opvangsgebied
- die regering en die benarde posisie van ons land
- die matrieks wat besig is met hulle voorbereidings vir die matriekeksamen
- bejaardes wat alleen is
- diegene in die hospitaal veral ook van ons eie gemeentelede
- die wat ons beskerm en daagliks veilig hou

Hoogland Bedieninge

Mannebediening: Manne kan gerus Vrydagoggende vanaf 5:30 saamkuier om 'n beker goeie koffie en daarna uit God se Woord. Enige man is baie welkom om saam te kom kuier.

Hospitaalbediening: Tommie Vermeulen (083 290 0528) versoek dat u hom steeds kontak en laat weet as daar 'n Hooglander ernstig siek of in die hospitaal is. Die hospitaalbediening ondersteun steeds getrou al die siek Hooglanders.

Sop - en Noodspens bediening: Hoogland se noodspens voorsien steeds getrou aan behoeftige gesinne se behoeftes en **enige donasies** is altyd welkom. Die sop wat tans ontvang word, word geskenk aan MTR Smit.

Lekker-Saamkuier-aand & Inry Padkafee @ Hoogland

Vrydag, 26 Augustus vanaf 16:30

Spyskaarte & bestelvorms is binnekort beskikbaar. Hou gerus die Hallo.Hoogland asook sosiale media dop daarvoor.

Die padkafee-span het benodig asseblief die volgende :

Donasies :	Hande :	
16 liter vla	hamburger tafel	4 persone
10kg rys	skyfies bak & skep	2 persone
koekmeel	kerrie & rys skep	2 persone
suiker	kerrie vetkoeke	2 persone
kaneel	boereworsrolle	2 persone
olie	braaiers	4 persone
12 x groot malvapoedings	poedings skep	3 persone

Kontak gerus vir Annalize in die kerkkantoor met navrae of om aan te bied waar jy kan help!

Uit die Hart

Robert Farrar Capon het 'n baie waar ding geskryf:

" Gebed is nie om na God toe te gaan nie - Hy is alreeds in jou,
of om Hom te soek nie - Hy het jou reeds gevind,
of om geestelik sterk te word nie - Hy het alreeds die Gees na jou gestuur wat eerder vir jou Jesus wil wys as om jou te help met die uitstal van al jou geestelike voortreflikhede.
Gebed is om net te praat met lemand wat alreeds met jou praat."

Die enigste plek in die Evangelies waar Jesus gevra word vir spesifieke onderrig, is wanneer die dissipels Hom vra om hulle te leer bid. Hulle vra nie dat Jesus hulle leer preek, profeteer, demone uitdryf, hoe om nuwe bedieninge op die been te kry of lewe in die kerk te kry nie - hulle vra dat Jesus hulle sal leer bid.

Verder moet ons mooi lees wat staan in Lukas 11:1. Die dissipels vra nie dat Hy vir hulle `n gebed moet leer nie, maar kom met die versoek: "Here, leer ons bid..." Die versoek is nie vir 'n enkele gebid om te resiteer nie. Dit is asof die dissipels op hierdie punt reeds besef hoe belangrik gebed is en waarde daarvan vir jou lewe voor God. Jesus antwoord op hulle versoek en leer hulle om te bid. Om hierdie rede staan die Onse Vader Gebed in Lukas 11 ook bekend as die Dissipelgebed.

Gebed is nie maar net om ons behoeftes by die Here se voete te gaan neersit sodat ons kan terugsit en wag vir die Here om uit te voer nie. Dit is eerder om net in God se teenwoordigheid te wees en net soos die tweerigtingkommunikasie tussen aardse pa's en kinders, is daar 'n ritme en beweging wat my volle aandag vra: fisies, emosioneel en geestelik. Onthou: gebed is om net te praat met lemand wat alreeds met jou praat...

Ds Pieter

STORIELYN IN DIE VOORPORTAAL:

Tydperk: 2002 – 2012 Kleurplaat: Robyn

'n Hele klomp V's:

Vyf

In hierdie tien jaar tydperk, is die gemeente deur altesaam vyf leraars bedien:
(Plaat 6 - Bord 1)

- Ds. Basie Fourie, wie reeds sedert 1981 leraar in die gemeente was en in 2008 'n beroep na die NG Gemeente Luckhoff aanvaar het.
- Ds. Danie Mouton - wie Hoogland bedien het van 1993 – 2007. Sedertdien, is hy Direkteur van die Sinode in die Oos-Kaap.
- Ds. Eugene Malan, wie in 1998 vanaf NG Gemeente Cradock by Hoogland aangesluit het.
- Ds. Heinrich Alberts, wie in 2008 na Hoogland beroep is.
- Dr. Willem Fourie, wie van 2009 - 2010 by Hoogland leraar was.

Verandering en Vernuwing

In 2002 is die strategiese teologiese beplanningsproses, wat in 2000 begin is voortgesit. Die doel: Om Hoogland se roeping in die wêreld voor God te verstaan. Dit was die begin van 'n paradigmaskuif, vanaf 'n institusionele, tradisionele bediening, na 'n missionale, teologiese bediening. Vir die eerste keer is daar nou visionêr oor die gemeente begin dink. 'n Bestuursplan, het die lig gesien en het 'n Gemeente Visie, 'n Missie en Doelstellings ingesluit. Daar is ook op vyf sleutel-suksesareas besluit: Bestuur, Onderlinge Sorg, Dissippelskap, Getuienis en Aanbid-ding.

Die Visie, is as volg bewoord: "PE Hoogland, is God se familie, wat Sy liefde en genade aan mekaar betoon en aan die wêreld uitdra."

Gedurende hierdie proses, is die gemeente totaal geherstruktureer. Een van die uitkomste, was 'n aansienlik kleiner Kerkraad met hoofsaaklik, 'n visionerende rol. 'n Uitvoerende bestuur (leierspan) is vir die eerste keer bemagtig om vinnige be-dieningsbesluite te neem. Die bestuursplan het redelik effektief daarin geslaag om lidmate, naas die leraars, as mede-bedienaars te bemagtig. Dit het ten doel gehad om die verdeel-en-heers strategieë van die ouer-magsfigure op die Kerkraad, aan bande te lê.

Lidmate is aangemoedig om meer en meer by die onderskeie bedieninge betrokke te raak en Kleingroep-vorming is opnuut aangemoedig. Vele gesprekke rondom pastorale kleingroepbediening vind plaas en leierskapskursusse en groepstudies word aangebied. Die kleingroepe, net soos die selgroepe, het om verskeie redes, gesukkel om van die grond af te kom.

Teen 2003 was daar onder andere sewe selgroepe, vyf Alpha-groeigroepe, 'n klein aantal bybelstudiegroepe, 'n groot dissippelskapsgroep,'n mannegroep, twee aksie jong-getroude groepe en twee huweliksverreikingsgroepe.

Oor die algemeen het die gemeente moeilik ingekoop op die idee van kleingroepe en was dit nie vir almal prakties, logies, verstaanbaar of volhoubaar nie. Tyd en ander verantwoordelikhede ten opsigte van werk en kinders se sportprogramme asook negatiewe konnotasies aan kleingroepe, was deurlopend 'n probleem. Dit het aan die een kant geestelike verdieping, groei en inklusiwiteit gebring in teenstelling met verdeeldheid, versplintering en eksklusiwiteit aan die ander kant.

Met kritiese refleksie, het die voortdurende groei en verdeling van die kleingroepe, 'n werklike probleem blyk te wees. Die groepe het selde verdeel wat bygedra het tot die ontwikkeling van, na-binne-gekeerde, ons-broei-mekaar-warmgroepe. Kleingroepe het om hierdie rede, die gevaar geloop om in isolasie, soos eilande te funksioneer wat weer tot versplintering van die geheel kon bydra. Die ideaal was 'n eensgesinde gemeente van kleingroepe maar die realiteit was anders. In 2007 het die kleingroepe egter weer 'n groeifase ondergaan met die aanbieding van die 40-dae Bybelstudieprogram wat oor sewe weke gestrek het en met groot vrug in kleingroepe aangebied is.

Die tradisionele wykstruktuur het ook verval. Wyke is verskraal tot bloot administratiewe eenhede onder leiding van 'n wykleier en is verklein na ses besoekpunte. 'n Aantal wyke is saam gegroepeer om 'n streek te vorm. Lidmate, in 'n streek, wat nie aan 'n kleingroep behoort nie, word deur die streeksouderling geestelik versorg. Hierdie herstrukturering het heelwat positiewe uitkomste gehad maar het uiteindelik ook vele knelpunte gehad.

Vennootskappe

'n Groep Suid-Afrikaanse gereformeerde gemeentes, (waarvan Hoogland 'n stigterslid was),het met die draai van die millennium, tot die gevolgtrekking gekom, dat nuwe weë vir die NG Kerk van die toekoms, ondersoek moes word. Die kerk was nog meer en deels, 'n selfsugtige ruimte waar lidmate geestelike voeding vir hulself gesoek het en wat ter wille van selfvoordeel, 'n goeie en vernuwende kerk, net vir sy eie lede wou wees.

God roep egter sy gemeentes om by Sy werk in die wêreld aan te sluit. Hy vestig gemeentes se aandag op die genesing, geregtigheid en vreugde, wat Hy in die wêreld bring en stuur ons na die spesifieke plekke waar Hy ons wil gebruik.

Vier soorte gemeentes: (Uitstallingshouer)

Die Gelowige Klub
Die Gemeente met 'n Missie / Sending
'n Geslote-deur Gemeenskap
'n Gestuurde Gemeente

Die Suid-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes (SAVGG) is in 2004 gestig. Die doel was om 'n daadwerklike impak op die omgewing en die samelewing te maak en nuwe gemeenskap te skep tussen gelowiges uit alle dele van die samelewing. 'n Roetekaart, om gemeentes op hierdie weg te begelei, is ontwikkel en in 2004 geïmplementeer. As gemeente, het ons aan "Plonse" in die gemeenskap deelgeneem, storiemure gebou, gemeentevergaderings gehou, patrone van vernuwing gekies en identiteitskuiwe gemaak.

Die taakspan, het onder andere, Tommie van der Mescht, Hanna Kotze, Annelise Slabbert, Thomas Spies en die leraars ingesluit.

Versorging

'n Groepie lidmate wat by UPE (vandag die NMU) werksaam was, het midde in die VIGS-krisis en President Thabo Mbeki se ontkenning daarvan, 'n VIGS-voorkomings- en pasiënt-hanteringshandleiding saamgestel. Dit het swart fassiliteerders in staat gestel om skole te besoek, voorkomende inligting oor te dra, asook om die waarde van 'n gesonde dieët te vestig.

Uit die inisiatiewe van lidmate soos Marieta Randall, Liesel du Plessis, Rosa Knoesen en Tracy Thomas, en met behulp van inisiële befondsing uit die VSA, het die Gemeenskapsgebasseerde sentrum, ELUTHANDWENI - Die plek waar ons met liefde dien - in 2002 tot stand gekom. Die sentrum is geleë in Motherwell waar die nood tydens die VIGS-pandemie, baie groot was. Hulp word verleen en opleiding verskaf ten opsigte van voedselvoorbereiding, ontwikkeling, pasiënt-tuisversorging, berading asook die voorkoming en hantering van VIGS. Verskeie Hooglandlidmate en leraars was oor baie jare heen op 'n praktiese manier betrokke by Eluthandweni en lewer steeds finansiële en praktiese insette. (Plaat 6 - Bord 2)

In 2006, het die Nightingale trust die sentrum onder haar vlerk geneem.

Voorbode? / Vooruitskouing?

In April 2005, verskyn 'n verklarende, insiggewende artikel, geskryf deur Prof. Piet Naudé, op die NG Kerk in Oos-Kaapland se Netwerk vir Navorsing, met die titel – *'n Gereformeerde Perspektief op die "Getuienisdoop"*. Die artikel word in Junie 2005 opgevolg deur een met die titel – *Gereformeerde Identiteit in Tien Stellings*.

Lig op ons pad…? Kruispad…? In terugskouing - 'n vooruitskouing op, of 'n waarskuwing teen die pad, wat Hoogland slegs enkele jare later sou begin loop?

Voorsiening

In 2005 tree drie projekte vanuit verskillende bedieninge in die gemeente na vore:

- Die Getuienisaksie het die behoefte/wens uitgespreek om 'n uitreik na Turkye te reël en mee te maak.
- Die Gemeentebediening het gevoel dat die orrel vervang moes word.
- Die Gebedsbediening ervaar al etlike jare 'n behoefte aan 'n gebedslokaal – 'n spesifieke ruimte wat altyd toeganklik kon wees.

Daar was nie beskikbare finansies vir al drie projekte nie. Die Kerkraad het toe besluit om nie 'n keuse uit te oefen nie, maar om die gemeente te vra, om oor hierdie sake te bid. Die leraars het die drie sake op 'n gemeentevergadering (na afloop van 'n erediens) op die tafel gesit en gevra vir gebed, wysheid en onderskeiding. Die Here voorsien en teen die einde van 2006, was daar genoegsame fondse om in al drie behoeftes te voorsien.

Die Gebedskapel

'n Sakeman, wat daardie dag op besoek aan die gemeente was, is diep hierdeur getref. 'n Paar dae later, het hy ds. Danie Mouton by die kerkkantoor kom sien en aangebied om die gebedslokaal gratis op te rig – heeltemal gratis – arbeid en materiaal ingesluit. Die ooreenkoms met hom was, dat ons eers by die gemeente sou hoor wat hulle, na die gebed- en onderskeidingsproses, sou sê. Uiteindelik, is die Gebedskapel "goedgekeur" en sonder enige koste of bekendmaking van die identiteit van die skenker, opgerig. Dit is op Pinkstersondag, 27 Mei 2007, in gebruik geneem. (Plaat 7)

Die Orrel

Onder leiding van Colin Campbell, op daardie stadium, ons orrelis, word daar op 'n nuwe Allen Quattro orrel besluit. Dit word in 2006 uit Amerika ingevoer en op die naweek van 27 – 29 Oktober 2006, luisterryk in gebruik geneem. (Plaat 6 - Bord 4)

Uitreik na Turkye

Genoegsame fondse kom in deur skenkings, borge en insamelingsprojekte en 'n geseënde uitreik na Turkye, word in Julie 2006 'n werklikheid. (Plaat 6 - Bord 3)